’N 6-WEKE, GEEN-TUISWERK BYBELSTUDIE

MEER AS EEN MILJOEN IN DIE REEKS VERKOOP

# Liefde vir God en Ander: Die Wese van Ware Geloof



Kay Arthur, David & BJ Lawson

PRECEPT MINISTRIES SOUTH AFRICA

40 minute BYBELSTUDIES

40 minute
BYBELSTUDIES

# Liefde vir God en Ander: Die Wese van Ware Geloof

Kay Arthur, David & BJ Lawson

Liefde vir God en Ander: Die Wese van Ware Geloof
Gepubliseer deur Precept Ministries South Africa
Posbus 539, Howard Place, 7450, Suid-Afrika
Tel.: +27 (021) 531-1836
Webwerf: www.precept.org.za
E-pos: info@precept.org.za
met toestemming van WaterBrook Press
12265 Oracle Boulevard, Suite 200
Colorado Springs, Colorado 80921

A translation of the book
Loving God and Others: The Heart of True Faith
*by* Kay Arthur *and* David & BJ Lawson
published by WaterBrook Press

ISBN 978-1-62119-371-5
Copyright © 2009 by Precept Ministries International

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouers nie. Dié beperking sluit in foto-afdrukke, opnames of enige ander stelsel van berging en opsporing van inligting.

Gedruk deur Bevan Group, Strand
2014

10 9 8 7 6 5 4 3 2 1

# INHOUD

Hoe Om Hierdie Studie te Gebruik ............ v

**Inleiding:** Liefde vir God en Ander: Die Wese van Ware Geloof ............ 1

**Week Een:** Wat is die Grootste Gebod? ............ 3

**Week Twee:** Wat Beteken dit om God Lief te Hê? ............ 17

**Week Drie:** Wat Beteken dit om My Naaste Lief te Hê? ...... 33

**Week Vier:** Hoe Moet Ons Mede-gelowiges Liefhê? ............ 47

**Week Vyf:** Jy Sê Jy's 'n Christen? Bewys Dit! ............ 59

**Week Ses:** Wat Maak Hierdie Soort Liefde Moontlik? ...... 71

# HOE OM HIERDIE STUDIE TE GEBRUIK

Hierdie kleingroepstudie is vir mense wat belangstel om self meer te leer wat die Bybel sê oor verskeie onderwerpe, maar wat net beperkte tyd vir saamkom het. Dit is byvoorbeeld ideaal vir 'n middagetegroep by die werk, 'n vroegoggendmannegroep, 'n jongmoedergroep in 'n huis, 'n Sondagskoolklas of selfs vir huisgodsdiens. (Dit is ook ideaal vir kleingroepe wat gewoonlik meer tyd vir byeenkom het—soos aandgroepe of Saterdagoggendgroepe—en wat net 'n gedeelte van hul tyd saam aan werklike studie wil bestee, terwyl die orige tyd vir gebed, gemeenskap of ander aktiwiteite gehou word.)

Hierdie boek is so beplan dat al die groeplede elke les se studietake *gelyktydig* én *saam* kan voltooi. Die bespreking van die insig wat jy verkry het uit wat God omtrent die onderwerp sê, openbaar opwindende, treffende lewenswaarhede.

Alhoewel dit 'n groepstudie is, benodig jy 'n leier om die studie te lei en die bespreking aan die gang te hou. (So 'n persoon se taak is *nie* dié van 'n lektor of onderwyser nie. As hierdie boek egter in 'n Sondagskoolklas of 'n soortgelyke omgewing gebruik word, moet die onderwyser vry voel om meer direk leiding te gee en bykomende insig te voeg bý dit wat in die les van elke week voorsien word.)

As jy jul groep se leier is, kan die volgende nuttige wenke jou taak vergemaklik:

- Werk deur die les en merk die teks voordat jy die bespreking lei. Dit maak jou toenemend vertroud met die materiaal en stel jou in staat om die bespreking met groter gemak te lei. Kies as leier 'n spesifieke kleur vir elke simbool. Dit sal jou help om die groep te lei met die merk van woorde.
- Begin by die begin van die teks en lees dit eenvoudig hardop

in die volgorde van die les, insluitende die “insigraampies” wat deurgaans verskyn. Werk saam deur die les terwyl julle waarneem en bespreek wat julle daaruit leer. Soos jy die teksverse lees, moet die groep die woord wat hulle moet merk, hardop sê.

- Die besprekingsvrae is daar om jou te help om die materiaal te hanteer. Jy sal dikwels vind dat, sodra die klas tot die bespreking oorgaan, hulle self die vrae sal stel. Onthou, die vrae is daar om die groep by die bespreking te hou, nie om die bespreking te belemmer nie.
- Dit is belangrik dat mense hul antwoorde en ontdekkings verwoord. Dit versterk grootliks hul persoonlike begrip van die weeklikse les. Maak seker dat elkeen volop geleenthede het om aan die besprekings deel te neem.
- Hou die besprekings aan die gang. Dit mag beteken dat meer tyd aan sommige dele van die studie bestee word as aan ander. As dit nodig is, mag jy gerus ’n les oor meer as een byeenkoms laat strek. Onthou egter: moenie die pas té stadig maak nie. Dis baie beter om elkeen na meer te laat smag, as om mense te hê wat uitsak weens ’n afname in belangstelling.
- As die geldigheid of korrektheid van sekere antwoorde betwyfel word, kan jy op ’n sagte, dog vriendelike manier, die groep herinner om te fokus op die waarheid van die Skrif. Jou doel is om te leer wat die Skrif sê en nie verwikkeld te raak in wat mense sê nie. Hou eenvoudig vas aan die Skrif en gee God die kans om te spreek. Sý Woord ís die waarheid (Johannes 17:17)!

# LIEFDE VIR GOD EN ANDER: DIE WESE VAN WARE GELOOF

Het jy jouself al ooit afgevra: *Wat verwag God nou éíntlik van my?*

Diegene wat werklik begeer om God te behaag, kan maklik verwar word. Die een Bybelleraar hou aan jou ’n lang lys gebooie voor wat jy moet onderhou. Die volgende sê jy is hoegenaamd nie onder die wet nie; al wat saak maak, is genade. Beteken dit dat jy geen gebooie hoef te onderhou nie? Wie is reg?

Wat verg dit om ’n lewe te lei wat vir God welbehaaglik is?

Eeue gelede het die kundiges in die Joodse wet die Tien Gebooie uitgebrei tot 613 wette. Praat

van verwarrend! Jesus het egter die Tien Gebooie gekonsolideer en in slegs twee verdeel: Liefde vir God en liefde vir mense.

Deur die loop van die volgende ses lesse sal ons hierdie twee groot gebooie, wat die wese van die Christelike geloof definieer, bestudeer en leer dat, om hulle te onderhou, nie alleen jou eie lewe nie, maar ook die lewens van dié rondom jou sal verander.

## WEEK EEN

Toe ’n wetsgeleerde gevra het wat die grootste gebod in die wet is, het Jesus geantwoord deur na die *Shema*, ’n basiese geloofsbelydenis van die Judaïsme, te verwys. Dit roep die mense op om God lief te hê met hul hele hart, siel, verstand en krag. Dit is die antwoord wat die wetsgeleerde te wagte was. Wat Jesus egter verder gesê het, het sy luisteraars verbaas en die verloop van die geskiedenis verander. Nie alleen moes God se volk Hom liefhê met hul hele hart, siel, verstand en krag nie, maar hulle moes ook hul naaste liefhê soos hulself.

### WAARNEMING

Die godsdienstige leiers van daardie tyd het net een doel voor oë gehad: om van Jesus ontslae te raak. Om daardie rede het hulle sy gesag uitgedaag. Die gebeurtenis wat ons nou gaan bestudeer, het plaasgevind pas nadat die Sadduseërs onsuksesvol probeer het om Jesus te versoek om iets te sê wat Hom by die mense en die Romeinse owerhede in die moeilikheid sou laat beland. Nou het die Fariseërs dieselfde probeer doen. Hulle het ’n wetsgeleerde na Jesus gestuur met ’n vraag waaroor hewig geargumenteer is deur die godsdienstige leiers van die tyd.

***Leier:** Lees Matthéüs 22:34-40 hardop en laat die groep*

**MATTHÉÜS 22:34–40**

34 En toe die Fariseërs hoor dat Hy die Sadduseërs die mond gestop het, het hulle almal saam vergader.

35 En een van hulle, ’n wetgeleerde, het ’n vraag gestel om Hom te versoek en gesê:

36 Meester, wat is die groot gebod in die wet?

37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here

jou God liefhê met jou
hele hart en met jou
hele siel en met jou
hele verstand.

38 Dit is die eerste en
groot gebod.

39 En die tweede wat
hiermee gelykstaan: Jy
moet jou naaste liefhê
soos jouself.

40 Aan hierdie twee
gebooie hang die hele
wet en die profete.

- *elke verwysing na* ***Jesus****, insluitende sinonieme en voornaamwoorde, met 'n kruis merk:* †
- *elke keer 'n hart trek oor die woord* ***liefhê****:* ♡

*Terwyl jy deur die teks lees, is dit nuttig om die groep elke sleutelwoord hardop te laat sê terwyl hulle dit merk. Sodoende sal almal seker wees dat hulle al die betrokke woorde, sowel as sinonieme woorde en -frases, merk. Doen dit dwarsdeur die studie.*

## BESPREKING

- Watter vraag het die Fariseërs aan Jesus gestel?

- Wat was Jesus se antwoord?

- Wat het Jesus as die tweede, en gelykstaande, gebod geïdentifiseer?

• Wat leer ons uit vers 40 oor hierdie twee gebooie?

## INSIG

Die frase *die wet en die profete* was die standaard-verwysing na die Hebreeuse Skrifte (ons Ou Testament). Toe Jesus gesê het: "Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete" het Hy bedoel dat alle ander gebooie deur hierdie twee opgesom of bevat word.

## WAARNEMING

Jesus het die wet gereduseer tot twee gebooie. Beteken dit dat Hy die res van die wet en die profete oorboord gegooi het?

***Leier**: Lees Matthéüs 5:17-20 hardop en laat die groep*

- *elke keer die voornaamwoord **Ek**, wat na **Jesus** verwys, met 'n kruis merk.*
- *'n raampie trek om elke verwysing na **die wet**, insluitende voornaamwoorde en sinonieme soos **gebooie**:* ☐

## MATTHÉÜS 5:17–20

17 Moenie dink dat
Ek gekom het om
die wet of die profete
te ontbind nie. Ek
het nie gekom om te
ontbind nie, maar om
te vervul.

18 Want voorwaar Ek
sê vir julle, voordat
die hemel en die aarde

verbygaan, sal nie een
jota of een titteltjie
van die wet ooit
verbygaan totdat alles
gebeur het nie.

19 Elkeen dus wat een
van die minste van
hierdie gebooie breek
en die mense só leer,
sal die minste genoem
word in die koninkryk
van die hemele; maar
elkeen wat dit doen
en leer, hy sal groot
genoem word in die
koninkryk van die
hemele.

20 Want Ek sê vir
julle dat, as julle
geregtigheid nie
oorvloediger is as dié
van die skrifgeleerdes
en Fariseërs nie, julle
nooit in die koninkryk
van die hemele sal
ingaan nie.

## BESPREKING

- Wat het jy geleer deur die verwysings na *Jesus* te merk?

- Wat het jy geleer deur die verwysings na *die wet* te merk?

- Net om seker te maak: Wat was Jesus se bedoeling met betrekking tot die wet?

## WAARNEMING

In latere skrywes deur Paulus het hy kommentaar gelewer oor die betekenis van die wet vir 'n Christen.

***Leier:*** *Lees Romeine 13:8-10 hardop en laat die groep*

- *elke keer 'n hart trek oor die woord* ***liefde****.*
- *elke* ***gebod*** *onderstreep.*

## BESPREKING

- Kyk terug na waar jy *liefde* gemerk het en bespreek wat jy geleer het.

- Wat weet jy van die een wat sy naaste liefhet? Watter verband is daar tussen vers 9 en vers 10?

**ROMEINE 13:8–10**

8 Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul.

9 Want dít: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

10 Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet.

- ’n Reël uit ’n gewilde liedjie lui: *“What’s love got to do with it?”* So, wat *het* liefde te doen met gehoorsaamheid aan hierdie gebooie?

- Om te bevestig: Is God se hoogste doel vir ’n gelowige om net by die “reëls” te hou? Verduidelik jou antwoord.

**MARKUS 12:32–34**

32 En die skrifgeleerde
sê vir Hom: Goed,
Meester, U het met
waarheid gesê dat God
een is en daar geen
ander is as Hy nie;

33 en om Hom lief te
hê uit die hele hart en
uit die hele verstand
en uit die hele siel en
uit die hele krag, en
om die naaste lief te hê
soos jouself, is meer as

## WAARNEMING

Die evangelie van Markus brei die verhaal van Matthéüs verder uit. Die wetgeleerde, of skrifgeleerde, is steeds in gesprek met Jesus.

***Leier:*** *Lees Markus 12:32-34 en laat die groep*

- *elke verwysing na* ***Jesus****, insluitende sinonieme en voornaamwoorde, met ’n kruis merk:* ✝
- *elke keer ’n hart oor die woord* ***liefhê*** *trek:* ♡
- ***die twee gebooie*** *in hierdie gedeelte onderstreep.*

## BESPREKING

- Watter nuwe inligting het jy uit die lees van die Markus-weergawe van hierdie ontmoeting bekom?

- Watter insig gee die einde van vers 33 vir ons aangaande die skrifgeleerde? Hy het iets begin verstaan oor wat vir God die belangrikste is. Wat was dit? Verduidelik jou antwoord breedvoerig.

- Bespreek hoe hierdie gesprek tussen Jesus en die skrifgeleerde in jou daaglikse lewe toegepas kan word. Is daar iets wat jy moet verander om seker te maak jou prioriteite stem ooreen met God s'n?

al die brandoffers en
die slagoffers.

34 Toe Jesus sien
dat hy verstandig
geantwoord het, sê Hy
vir hom: Jy is nie ver
van die koninkryk van
God nie. En niemand
het dit meer gewaag
om Hom vrae te stel
nie.

**DEUTERONÓMIUM 6:5**

Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.

**LEVÍTIKUS 19:18**

Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE.

## WAARNEMING

Waar sou die idee vandaan kom om al die wette in slegs twee gebooie saam te vat?

***Leier:*** *Lees Deuteronómium 6:5 en Levítikus 19:18.*

- *Laat die groep die woorde hardop saam sê en elke keer die woord* ***liefhê*** *met 'n hart merk.*

**INSIG**

Een manier om die teks beter te verstaan, is om die 5 W's en H-vrae —wie, wat, wanneer, waar, waarom en hoe—oor die gedeelte te vra. Deur hierdie vrae te vra, werk jy stadiger en kom jy agter wat die skrywer in werklikheid sê.

## BESPREKING

- ***Wat*** het jy geleer deur *liefhê* in Deuteronómium 6:5 te merk?

- ***Wie*** moet jy liefhê?

- ***Hoe*** moet jy Hom liefhê?

- ***Wat*** beteken dit? Verduidelik jou antwoord.

- ***Wat*** het jy uit Levítikus 19:18 van liefhê geleer?

- ***Wie*** moet jy liefhê?

- ***Hoe*** moet jy hulle liefhê?

- ***Waarom*** moet jy dit doen?

## WAARNEMING

Kom ons kyk nou na die wet, die Tien Gebooie.

***Leier:*** *Lees Exodus 20:3-17 hardop en laat die groep*

- *elke verwysing na* ***God,*** *insluitende sinonieme en voornaamwoorde, met 'n driehoek merk, só:* △
- *die* ***Tien Gebooie*** *in die teks nommer. Die eerste drie is alreeds vir jou gedoen.*

**EXODUS 20:3–17**

3 Jy mag geen ander ①
gode voor my aangesig
hê nie.

4 Jy mag vir jou geen ②
gesnede beeld of enige
gelykenis maak van wat
bo in die hemel is, of
van wat onder op die
aarde is, of van wat in

die waters onder die aarde is nie.

5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;

6 en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

③

7 Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

## BESPREKING

- Maak 'n lys van al die gebooie wat direk in verband staan met ons verhouding met God.

- Maak 'n lys van al die ander gebooie.

- Wat let jy op omtrent hierdie twee lyste? Hoe kan jy die sentrale tema van elke lys opsom? Hoe hou dit verband met ons studie?

Ons gaan nou hierdie week se les afsluit. Hersien wat jy geleer het en beantwoord die volgende vrae:

- Wat is, volgens die uitspraak van Jesus, die belangrikste gebod?

- Wat is die tweede belangrikste een?

8 Gedenk die sabbat-
dag, dat jy dit heilig.

9 Ses dae moet jy
arbei en al jou werk
doen;

10 maar die sewende
dag is die sabbat van
die HERE jou God;
dan mag jy géén werk
doen nie—jy of jou
seun of jou dogter, of
jou dienskneg of jou
diensmaagd, of jou vee
of jou vreemdeling wat
in jou poorte is nie.

11 Want in ses dae het
die HERE die hemel en
die aarde gemaak, die
see en alles wat daarin
is, en op die sewende
dag het Hy gerus.
Daarom het die HERE
die sabbatdag geseën
en dit geheilig.

12 Eer jou vader en

jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

13 Jy mag nie doodslaan nie.

14 Jy mag nie egbreek nie.

15 Jy mag nie steel nie.

16 Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

- Wat bind die twee aanmekaar?

- Wat is die verhouding van die wet met hierdie twee gebooie? Verduidelik jou antwoord.

## SAMEVATTING

Hierdie week het ons geleer wat Jesus se antwoord was op 'n vraag wat vandag steeds ewe druk bespreek word as in die tyd van die Fariseërs: Wat is God se belangrikste verwagting van sy kinders? Jesus het duidelik gesê dat liefde vir God ons eerste plig is, maar Hy het ook 'n tweede gebod as grondliggend geïdentifiseer: Levítikus 19:18. Hierdie twee gebooie is die grootste van almal, en die res vloei uit hulle voort.

Liefde is die bindmiddel wat nie alleen die wet en die profete nie, maar ook die evangelie aan mekaar verbonde hou. Sonder liefde sou die Christelike godsdiens dieselfde as elke ander godsdiens wees, met stelle reëls en regulasies wat aanleiding gee tot wettisisme en slawerny, in plaas van vryheid en genade. Dít is wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het: "As julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, (sal) julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie" (Matthéüs 5:20). Die Fariseërs het die wet beskou as 'n kontrolelys om hul geregtigheid te bewys. Jesus het egter die doel van die wet geïdentifiseer as 'n gids om ons daaraan te herinner dat ons God en ander mense moet liefhê. Hy was klaarblyklik die eerste om hierdie twee gebooie saam te voeg en as opsomming van die wet te gebruik.

Ons motivering om God en mense lief te hê, behoort uit 'n diep gevoel van dankbaarheid vir wat Hy vir ons gedoen het, te spruit. Het die woordjie "en" jou opgeval? Jy word nie toegelaat om 'n voorkeur te hê nie—liefde vir God sowel as liefde vir mense, vorm die wese van ons geloof. Die gevolg van liefde vir God is dat jy mense sál liefhê en om mense lief te hê is die manier waarop jy aan die wêreld toon dat jy God liefhet. Ons moet daarteen waak dat ons toewyding aan God en

ons sosiale besorgdheid nie die een die ander in ons lewens oorheers nie.


Ons sal in die weke wat voorlê, leer om albei hierdie gebooie uit te leef sodat ons 'n impak kan maak op ons gesinne, kerke, gemeenskappe en uiteindelik ons samelewing. Ondersoek intussen hierdie week jou lewe deeglik en objektief en vra God om jou te wys hoe goed jy sy liefde uitleef. As Hy vir jou enige veranderings wat gemaak moet word, aandui, skryf hulle neer en begin daaraan werk.


# 40 MINUTE BYBEL STUDIES





















# Geen-tuiswerk Bybelstudies


Help Jou om die Waarheid self te ontdek
























# OMTRENT KAY ARTHUR EN PRECEPT MINISTRIES INTERNATIONAL

Kay Arthur is wêreldbekend as internasionale Bybelleraar, skrywer, konferensiespreker en gasheer van die nasionale radio- en televisieprogramme *Precepts for Life*, wat 'n wêreldwye gehoor van meer as 4 miljoen het. Sy het reeds vier keer die Gold Medallion Award as skrywer verower en is die outeur van meer as 100 boeke en Bybelstudies.

Kay en haar eggenoot, Jack, stigter van Precept Ministries International in 1970 te Chattanooga, Tennesee, se visie is om mense te vestig in God se Woord. Vandag het die bediening wêreldwyd uitgebrei. Tesame met induktiewe Bybelstudie-werkswinkels en duisende kleingroep Bybelstudiegroepe regoor Amerika, reik PMI uit na ongeveer 185 lande met induktiewe Bybelstudies, wat reeds in 70 tale vertaal is. Die bediening leer mense hoe om waarheid self te ontdek.

Skakel Precept Ministries Suid-Afrika vir meer inligting oor induktiewe Bybelstudies in jou omgewing.

Precept Ministries South-Africa
Posbus 539
Howard Place, 7450
Tel.: +27 (0)21 531 1836
www.precept.org.za